# menlo-insig

Insig 11/2026 – 25 Maart 2026



## Beste Menlo

Elke Januarie is 'n nuwe begin. 'n Onaangeraakte skilderdoek waarop die jaar se verhaal gestalte vind. Op ons rûe dra ons hoop en verwagting. In ons hande hou ons 'n kleurryke palet wat dag na dag in mosaïekspatsels gerangskik word om die verloop van tyd as 'n tapisserie van gebeure en emosie uit te beeld. Vandeesweek gee ons die laaste tree na die kruin van die eerste kwartaal. Hier, vanaf die spits, kyk ons terug na die prent wat ons tot dusver van 2026 geskilder het en die gebeure wat ons karakter help vorm het.

Die pad tot hier was vol opwinding en ons kan nie anders as om elke rolspeler wat by hierdie ekspedisie betrokke is, te bedank nie:

- Die Parkies vir weergalose entoesiasme en deelname sonder grense.
- Die personeel wat die Menlospan begelei en verseker dat almal die kruin veilig bereik.
- Die ouers wat die skool se visie vir hulle kinders vertrou en die skool onvoorwaardelik ondersteun.
- Die beheerliggaam vir fyn voetwerk agter die skerms sodat elke Menloparker sy en haar drome op Menlo-bodem kan nastreef.

Aan die einde van die eerste kwartaal is Menlo se 2026-meesterstuk nog 'n hersenskim. Daar is helder strepe – was dit die atlete? – en golwende blou. Daar is 'n reënboog van kleur en selfs 'n eggo of twee. Daar is teksture van weer probeer en skakerings van deelname, maar die leidrade op ons prent word deur 'n goue draad van omgee en vasberadenheid verbind.

Meesterstukke verg geduld en daarom vertrou ons die tydsame wisselspel tussen waagmoed en weer begin. Dit is egter vir eers tyd om die rugsakke vir 'n oomblik neer te lê, asem te haal en stilte te ervaar.

Geniet die vakansie!

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**PSALM 121**

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Skool sluit

Die skool sluit op Donderdag, 26 Maart 2026 om 14:00.

Die skool open op Woensdag, 8 April 2026.

## Rapporte

Rapporte sal op 27 Maart 2026 op Ed-admin beskikbaar wees.
Klik op u kind se profielfoto.
Kies Report Card.

## Toetsrooster: Kwartaal 2

Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.
Kies Documents—Parents—Akademie.


## Openbare vakansiedae: 27 April & 1 Mei

28, 29 en 30 April is gewone skooldae.
Assesserings en buitekurrikulêre aktiwiteite gaan voort soos wat dit in die Werkplan geskeduleer is.

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

**"Met" is nie dood nie**

Onthou om die voorsetsel "met" saam te nooi as jy en jou vriende gedurende die vakansie kuier, byvoorbeeld:
"Ek ry **saam met** my vriend om te gaan gholf speel."
"Ek gaan **saam met** my vriendin koffie drink."




## Brokkies Menlo-geskiedenis

**Wat?** 'n Frisbeespan in die Eggo?

Ja, Die Eggo van 1996 spog sowaar met 'n frisbeespan.

Die Insig is nie seker watter hoogtes die span bereik het nie, maar dit was hoog en goed genoeg vir die Eggo!

Stuur asseblief voorstelle vir 'n Afrikaanse vertaling van *frisbee* na insig@menlopark.co.za — 'n mens weet nooit watter spanne hulle buiging in Die Eggo maak nie ...

# KOMMUNIKASIE

## Siektetoetse

Die skool bevestig die reëlings rondom siektetoetse:

Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
**Siektetoetse word voor skool afgelê.**
Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is.
Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur.
Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

## Wintereksamenrooster

Die wintereksamenrooster sal voor die einde van die kwartaal op Ed-admin beskikbaar wees.

## Menlo-mediasentrum

### The Prison Healer

Eynette Noni


Seventeen-year-old Kiva Meridan has spent the last ten years surviving in the brutal death prison Zalindov, where she works as the prison healer.

When the Rebel Queen is captured, Kiva is tasked with keeping the terminally ill woman alive long enough to face the Trial by Ordeal – a series of deadly elemental challenges of air, fire, water and earth.

Then a coded message from Kiva's family arrives: "Don't let her die. We are coming." Knowing the queen won't survive, Kiva risks everything by taking her place. If she wins, they'll both be free.

But no one has ever survived.

As a deadly plague spreads, a mysterious new inmate complicates her heart, and rebellion brews, Kiva realises her trials may have only just begun.



# OMGEE

## MENLO-HARTE LAAT DIE STERTE SWAAI!

*"The true measure of society can be found in how it treats its most vulnerable members."*

Vyf en sewentig Parkies het verlede week na die Wollies-diereskuiling uitgereik om eerstehands te beleef hoe die ratte van 'n diereskuiling draai. Die Parkies is voor 'n uitdaging gestel — om honde-, katkos of 'n dierespeelding saam te neem — en het nie teleurgestel nie.

Wollies benodig daagliks dierekos gelykstaande aan sewe 210 liter-dromme om die sowat 300 honde en 200 katte te voer. Dit is te verstane dat die besending wat deur die Parkies afgelewer is, met swaaiende sterte begroet is.

Te oordeel aan die foto's wil dit voorkom asof die Parkies net soveel genot uit die uitreik geput het as die diere.

Die skool bedank die Parkieraad se omgeekomitee onder leiding van Rian Knoesen en Lauren Malan asook me. Cathy Knoesen vir hulle reëlings.

Wollies laat weet op hul Facebook-blad:

*Leerlinge van Menlopark Hoërskool het vir ons kom kuier gister. Baie dankie vir die wonderlike skenking. Ons waardeer jul ondersteuning opreg!!*

Volg die skakel vir meer inligting oor Wollies.
















# OMGEE

## MENLO-KUNSLEERDERS BRING HOOP

Vyftien van Menlo se kunsleerders (gr. 9 — 11), onder leiding van me. Mariana de Klerk, het op 21 Maart aan 'n vrywilligersdag by Pure Hope School in Moreletapark deelgeneem. Die skool bestaan uit ongeveer 3 300 leerders wat hoofsaaklik in die informele nedersetting langs die Moreleta Kerk woon.

Gedeeltes van die kerk word vir skoolbedrywighede aangewend en selfs die ruimte onder die verhoog word ingespan. Dié gedeelte word as 'n kleuterskool gebruik en die Parkies is gevra om hulle kreatiwiteit aan te wend om die kleuterskool van 'n kraaknuwe voorkoms te voorsien.

Die Parkies was egter uitgeboul deur die genot wat die vriendelike daad aan hulle verskaf het en sien reeds daarna uit om na Pure Hope terug te keer.

#weesdieverskil



# AKADEMIE

## MENLO-KUNSLEERDERS STAL UIT BY TEETUIN DE POORT

Vyftig Menloparkers se kunswerke word tot 28 Maart 2026, saam met werke van Pieter Cronje, Elize Smit en oud-Menloparker, Vlaska Kafka (2019), by De Poort Galery uitgestal.  Maak gerus 'n draai!



# REDENAARS

## UITSLAE: VAN HUYSSTEENS-ORATORSFEES

Die Van Huyssteens-oratorsfees is 'n praatfees wat oor vier dae strek. Leerders kry die geleentheid om hulle sê in verskeie kategorieë, individueel of in spanne, te sê, waarna die top-3-deelnemers in elke kategorie na die gala-aand genooi word.

| **English: Individuals** | | **Uitdun** | **Finaal** |
|---|---|---|---|
| Graad 9 | **Lana Swanepoel** | 1 | **1** |
| Graad 12 | Clara Serfontein | 5 | |

| **English: Teams** | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 9 | Rubert Pieters, Stiaan Pretorius, Heinrich Vögel en Gabrielle v Rensburg | 1 | |
| Graad 10 | Lara Moolman, Zea de Villiers, Janel Meijer & Maia Smit | 1 | |
| Grade 12 | Daniel van der Merwe, Lente Swanepoel, Lana Langeveldt & Robyn de Kock | 3 | |




| **Afrikaans: Individueel** | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 8 | **Xander Vermeulen** | 1 | **1** |
| | Hennicke Pistorius | 5 | |
| Graad 9 | Keilah Visser | 2 | |
| | Li-Ané Haasbroek | 5 | |
| Graad 10 | Leané Gerber | 1 | |
| | Lara Moolman | 2 | |
| Graad 11 | Kayden Venter | 4 | |
| | Milan Visser | 5 | |
| Graad 12 | Le Roux van Wyk | 2 | |
| | Erik Senekal | 5 | |






| **Afrikaans: Span** | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 8 | Karlie Krynauw, Zoë Eysele, Zander de Lange & Caitlyn Martens | 2 | |
| | **Mia Buys, Ayva Potgieter, Hein v Brummelen & Burger Duvenage** | 3 | **1** |
| Graad 9 | Rubert Pieters, Heinrich Vögel, Alexi Engelbrecht & Lana Swanepoel | 3 | |
| Graad 10 | Janél Meijer, Luné Zwemstra, Mieke vd Berg & Mia Botha | 1 | |
| Graad 12 | Loané Prinsloo, Milé Swanepoel, Zanté Uys & Mia de Waal | 4 | |
| | Hildegard Havenga, Christopher Niemann, Clara Serfontein & Luan Visser | 5 | |




| **Tweetalig: Individueel** | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 8 | **Zoë Eysele** | 1 | **1** |
| | Karli Krynauw | 3 | |
| Graad 10 | Nina du Plessis | 5 | |
| Graad 11 | Liané de Wet | 5 | |
| Graad 12 | Mia de Waal | 2 | |
| | Nina Dicks | 5 | |

| **Tweetalig: Span** | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 12 | Christopher Niemann, Luan Visser, Erik Senekal & Le Roux van Wyk | 3 | |




# DIÉ WINGERDGALA

## KLEIN BIETJIE WYN VIR WINS





Menlo se eerste wingerdgala sal as 'n aand van samesyn en ongeëwenaarde elegansie onthou word. Die spesiale geleentheid, waar uitstaande wyn en items van topgehalte opgeveil is, is ten bate van die skool se buitekurrikulêre program gehou. Arnold Geerdts, joernalis en sportaanbieder, het as seremoniemeester opgetree, terwyl Carl Vos die taak van afslaer behartig het.

Die skool bedank mnr. Danie Erasmus vir die knap organisasie van hierdie spoggeleentheid.

Ons maak gou weer so!





# BERGFIETS

## NWU-SPAN BEKEND

Baie geluk aan die bergfietsryers wat vir die NWU-reeks gekies is.

**Senior seuns**

Jaco Aldum, Ehardt Koekemoer, Reghard Louw, Ben Meyer, Wihann Schalekamp & Gustav van der Werff.

**Senior dogters**

Katrijn Botha, Micaela Cloete, Melinda Erasmus, Zelia Küsel, Caitlin Read & Cara Schulz.

**Junior seuns**

Neil Botha, Lian Pretorius, Jayden Pieterse, Ruben van Niekerk, Stephan van Niekerk & LJ van der Westhuizen.

**Junior dogters**

Nadine Kruger, Lana Swanepoel, Mikayla van den Berg & Bianca van der Westhuizen.



# WINTERSPORT

## UITSLAE

Tellings is op die skool se splinternuwe uitslae-toep (skakel hiernaas) beskikbaar.







### RUGBY

**Menlo vs. St Albans**

Wedstryde gespeel 14
Wedstryde gewen 14

**Menlo vs. Trinity House**

Wedstryde gespeel 3
Wedstryde gewen 1

**Menlo vs. Curro Hazeldean**

Wedstryde gespeel 2
Wedstryde gewen 1

### HOKKIE

**Menlo vs. Grey College**

**Seuns**

Wedstryde gespeel 6
Wedstryde gewen 0

**Menlo vs. St Albans**

**Seuns**

Wedstryde gespeel 8
Wedstryde gewen 2
Gelykop 2

**Menlo vs. St Andrews**

**Dogters**

Wedstryde gespeel 2
Wedstryde gewen 1
Gelykop 1

**Roedean-toernooi**

**Dogters: O. 14A**

Wedstryde gespeel 9
Wedstryde gewen 8
Gelykop 1

**Die o. 14A-span is die algehele wenners van die Roedean-toernooi.**

# PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND



## PARKIE BEHAAL YSINGWEKKENDE PRESTASIE

Baie geluk aan Juvin Kleyn (graad 11) wat vir Suid-Afrika se o. 18-yshokkiespan diens gedoen het by die Internasionale Yshokkiefederasie se Afdeling B Groep III Wêreld-hokkiekampioenskap in Bosnië.

# BELANGRIKE GEBEURE




**Registreer asseblief hier**

# PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.


STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.

MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







Libby's Cookies
063 589 5019

Flavours:
- Chocolate Chip Cookies
- White Chocolate & Toffee Cookies

*Mix & match your flavours as you like!*



Single cookie - R14
Boxes of 4 cookies - R55
Boxes of 6 cookies - R80
Boxes of 10 cookies - R120

Collection is at school
WhatsApp
063 589 5019

# MARKPLEIN

## WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig












EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK